

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK

1.1 INLEIDING

Fibromialgie is 'n toestand wat gekenmerk word deur veralgemeende pyn en teerheid. Daarmee saam gaan simptome soos moegheid en spierstyfheid, en 'n nie-verfrissende slaappatroon [1].

Fibromialgie sindroom is 'n kroniese toestand. Die pyn is gewoonlik wydverspreid en kan beskryf word as spier-skelet pyn. Daar word ook pyn ervaar op verskeie sensitiewe punte ("*tender points*"). Hierdie sensitiewe punte (of *tender points*), verwys na sensitiwiteit wat voorkom in presiese, gelokaliseerde areas, veral in die nek, ruggraat, skouers en heupe [2]. Ander simptome wat met fibromialgie geassosieer word, is slaap versteurings, oggend styfheid, prikkelbare dikderm, urinêre dringendheid, hoofpyn, moegheid, depressie en angs [3;4;5].

Die impak van fibromialgie kan verwoestend wees - beide fisies en emosioneel. Verder kan kroniese pyn psigologiese probleme in 'n voorheen goed aangepaste individu veroorsaak.

Fibromialgie genereer steeds substansiële belang en kontroversie beide binne en buite die mediese gemeenskap, grootliks as gevolg van die tekort aan objektiewe eienskappe en as gevolg van die sindroom se assosiasie met psigiatriese versteurings [6]. Alhoewel fibromialgie nie geklassifiseer word as 'n psigiatriese siekte nie, glo sommige medici dat dit wel een is. Verskeie studies het al gepoog om 'n psigiatriese assosiasie met fibromialgie te identifiseer, maar tot dusver is geen verhouding ten volle gevestig met 'n klassiek gedefinieerde psigiatriese versteuring nie.

Daar is bepaal dat die sentrale kenmerke van fibromialgie meer geneig is om verwant te wees aan die fibromialgie self, eerder as om afhanklik te wees van psigologiese status [7].

Die pasiënt se soeke na 'n diagnose is meestal kompleks, en hy/sy moet gewoonlik gedurig ander probeer oortuig dat sy/haar pyn eg is. Hierdie toestand frustreer medici net soveel as wat dit die pasiënt frustreer. Aangesien daar geen laboratoriumtoetse is wat die diagnose van fibromialgie kan bevestig nie, gebeur dit dikwels dat medici wonder of die pasiënt nie net maar 'n aandagsoekende hipokondrie is nie. Presenterende simptome kan dan ook so vinnig kom en gaan, wat die pasiënt soms self laat wonder of dit nie net sy/haar verbeelding is nie, alhoewel die pyn werklik genoeg is [5].

1.2 DEFINISIE EN PROBLEEMSTELLING

Volgens die American Fibromyalgia Syndrome Association [8], kan fibromialgie gedefinieer word as 'n rumatiekagtige sindroom wat wydverspreide pyn in veselweefsels, spiere, senings, en ander bindweefsels aandui, wat resulteer in pynvolle spiere. Uitputting kan ook voorkom. Die diagnose van fibromialgie sluit in 'n geskiedenis van ten minste drie maande van wydverspreide pyn in al vier kwadrante van die liggaam [5], en pyn in ten minste 11 van die 18 sensitiewe punte. Die sensitiewe punte sluit in veselweefsel of spiere van die:

- nek
- skouers
- bors
- ribbekas
- lae rug

- dye
- knieë
- arm (elmoë)

Die oorkoepelende kenmerk van fibromialgie is langdurige pyn in gedefinieerde sensitiewe punte (*tender points*). Dit is belangrik om onderskeid te tref tussen sensitiewe punte (*tender points*) en sneller punte (*trigger points*). Sensitiewe punte is net pynvol wanneer daarop gedruk word, terwyl sneller punte plaaslik sensitief kan wees en kan lei tot verspreide pyn [8].

Die doelstelling van hierdie navorsing is om die rol wat persoonlikheidseienskappe en streshanteringsvaardighede in fibromialgie sindroom speel, te ondersoek. Die vraag word gevra of die fibromialgie lyer kenmerkende persoonlikheidseienskappe het, en hoe streshanteringsvaardighede hierby inskakel.

Die hipoteses wat gestel word is die volgende:

1. Fibromialgie lyers beskik oor kenmerkende persoonlikheidseienskappe.
2. Fibromialgie lyers toon kenmerkende streshanteringsvaardighede.

1.3 DEFINIËRING VAN TERME

Die verskillende terme, soos wat dit van toepassing is op hierdie studie, word as volg omskryf [9]:

- **Persoonlikheid:** dit verwys na die geïntegreerde en dinamiese organisasie van 'n individu se psigiese, sosiale, morele en fisiese eienskappe, soos dit in sy wisselwerking met sy omgewing, en veral met ander persone, tot uiting kom, en soos bepaal deur die interaksie tussen konstitusionele en omgewingsfaktore. Aangesien die persoonlikheid geleidelik ontwikkel gedurende die individu se lewensloop en dus nooit staties is nie, dui die term gewoonlik op die patroon van eienskappe op 'n gegewe tydstip gedurende die individu se lewe.
- **Persoonlikheidseienskap:** dit dui op die psigiese kwaliteite, dit wil sê op trekke van die persoonlikheid wat nie soos die fisiese eienskappe van voorwerpe, direk waarneembaar is nie. Psigiese eienskappe is neigings of disposisies van persone om in sekere situasies op sekere wyses te handel. Dit word aan persone toegeskryf op grond van observasies in verskeie situasies waar hulle sekere soortgelyke gedragswyses konsekwent openbaar het, of op grond van sielkundige toetse.
- **Fibromialgie sindroom:** 'n sindroom eers genoem fibrositis. Dit is 'n sindroom van kroniese pyn van spier-skelet oorsprong, maar 'n onseker oorsaak. Hierdie sindroom word gekenmerk deur pyn en styfheid in die weefsel wat die bene en gewigte ondersteun en beweeg. Die diagnostiese kriteria sluit in pyn in beide kante van die liggaam, beide bo en onder die middel, sowel as in 'n

aksiale verspreiding (servikaal, bors of lendewerwel, of anterior borskas). Verder moet daar puntsensitiwiteit in ten minste 11 van die 18 gespesifiseerde liggings wees [2;10].

- Stres: die totaliteit van liggaamlike en psigiese reaksies op nadelige en/of onaangename stimuli (insluitend eksterne omgewingstimuli soos lawaai en gevaar, asook interne stimuli soos - veral langdurige - angs, hewige emosie, bekommernis en spanning). Stres word in die algemeen gekenmerk deur versteuring van die homeostase van die liggaam, en meer spesifiek deur verskynsels soos hartkloppings, voortdurende moegheid, angs, spanning, en gejaagdheid.
- Hanteer ("cope"): die uitvoer van bewuste en rasionele handeling wat daarop gemik is om eksterne en interne eise wat as stresvol ervaar word, te hanteer.
- Hanteringsgedrag: enige gedrag wat deel vorm van persone se aanpassing by spanning, versteurings, of eise van die omgewing, maar wat nie 'n verandering van hul doelstellings verteenwoordig nie. Dit kan ook onbewuste gedrag, soos verdedigingsmeganismes, insluit.
- Vaardigheid: bestaande bedrewendheid in die een of ander taak of saak.

1.4 DOELSTELLINGS

Die volgende doelstellings sal in hierdie ondersoek nagevors word:

Die eerste doelstelling is om die kenmerkende en eiesoortige persoonlikheidseienskappe van fibromialgie lyers te identifiseer.

Die tweede doelstelling is om kenmerkende stresshanteringsvaardighede van fibromialgie lyers te identifiseer.

1.5 DOELWITTE

Die doelstellings sal op die volgende wyses bereik word:

- 1.5.1 In hoofstuk twee sal 'n literatuurverkenning oor fibromialgie onderneem word sodat kennis oor alle relevante inligting rakende die onderwerp opgedoen kan word ten einde 'n beter begrip van die onderwerp te verkry.
- 1.5.2 Hipoteses is opgestel wat deur die resultate bevestig of weerspreek sal word.
- 1.5.3 'n Kwantitatiewe studie sal onderneem word. Vyf en dertig volwasse, gediagnoseerde fibromialgie lyers sal gevra word om die Sestien Persoonlikheidsfaktor-vraelys (16PF) en die Ways of Coping-skaal (WCQ) te voltooi.
- 1.5.4 Die resultate verkry vanaf die vraelyste sal ondersoek word om kenmerkende patrone te probeer identifiseer.



1.6 BEPERKINGS VAN HIERDIE STUDIE

- Hierdie studie poog om sekere algemene persoonlikheidseienskappe en stresshanteringsvaardighede van volwasse fibromialgie lyers (18 jaar en ouer) te identifiseer. Die persoonlikheidseienskappe en stresshantering van kinders gaan nie in hierdie studie ondersoek word nie.
- Daar word net gepoog om sekere kenmerkende persoonlikheidseienskappe te identifiseer, en nie om persoonlikheidsproblematiek te spesifiseer nie.